

# Hiëna en Kraai

Ann Nduku

Afrikaans

Hiëna en Kraai was eens baie goeie vriende gewees, selfs al was hulle anders in 'n paar maniere .
Kraai kon gevlieg het , maar Hiëna was net in staat om te loop.





Eendag vra Hiëna nuuskierig vir sy vriend Kraai, " Wat is die wit ding wat altyd onder jou nek is ? "

Kraai antwoord: " Dit is die vetterige vleis wat ek gewoonlik eet in die lug. Ek eet dit nou al vir so lank , dit sit vas op my nek.

Met die aanhoor van vleis , het speeksel begin stort vanuit Hiëna se mond , want hy was gulsig en hy baie lief vir vleis.

Hiëna wou regtig daardie vleis eet. Maar hoe kan hy die vleis in die lug kry as hy nie vlerke het om te vlieg nie ?

"Asseblief , my vriend , " het hy vir Kraai gevra, " leen my 'n paar vere sodat ek vir myself 'n paar vlerke kan maak. Ek wil graag ook kan vlieg soos jy."

Kraai was nie moeilik nie, en gee toe vir hom 'n paar vere.
Hiëna het hulle vasgewerk en saam gesit as vlerke . Hy het dit vasgemaak aan sy liggaam , en probeer om in die lug in te sweef.
Maar hy was te swaar vir die vere om hom in die lug te hou.
So hy moes aan 'n nuwe plan dink.





"Asseblief , my vriend , " het hy vir Kraai gevra " Kan ek vashou aan jou stert as jy in die lug vlieg ? "

“Reg so,” Het Kraai gesê. "Ek weet hoe graag jy wil vlieg . Kom ons doen dit dan môre oggend.
Toe oggend kom, het hy vas gehou aan Kraai se stert en in die lug op gevlieg.

Kraai het gevlieg en gevlieg en gevlieg totdat hy uitgeput was . Maar Hiëna het gesê: " Net 'n bietjie verder , my vriend! " Hy kon die wit en vetterige vleis sien net bo hulle, en sy mond begin toe te water .



Toe hulle by die eerste stuk van die vetterige vleis kom, voel Hiëna voel 'n skielike ruk beweging . Een van Kraai se stertvere het af gekom in sy hand ! Toe was daar nog 'n rukking , en toe weer . Kraai het baie ligter gevoel en die pyn in sy stert het weg gegaan .

Hy sing toe:
"Kraai vere, pluk julself uit. Kraai vere, pluk julself uit."
In reaksie , sing Hiëna die teenoorgestelde:
"Kraai vere hou vas, moenie julself uitpluk nie. Kraai vere hou vas, moenie julself uitpluk nie."





Uiteindelik, kon die vere nie meer vir Hiëna hou nie. Hy was in die lug in die middel van nêrens.

Hy het op die vetterige vleis gespring en gedink dat indien hy sou begin eet, sou die vetterige vleis hom kon hou. Maar soos hy probeer het om vas te hou en te eet aan die 'vleis ', was klam wolke al wat hy gevoel het!

Nou het hy vining begin val. “Help, help!” het hy geskree.
Maar niemand kon hom hoor nie. Kraai was verlore in die wolke.





Hiëna het op die grond geval met 'n slag, en stil gelê vir 'n paar minute.
Hy het wakker geword en gehuil van die pyn, met 'n gebreekte been en donker skrape oor sy hele liggaam .

Van daardie dag nou , loop Hiëna effens krippel met baie skrape op sy liggaam. Hy kon nogsteeds nie gevlieg het nie. En hy en Kraai was nooit weer vriende nie.



# Hiëna en Kraai

Writer: Ann Nduku
Illustration: Wiehan de Jager
Translated By: Marile Duvenhage
Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A Saide Initiative